"Aanvaar mekaar, soos Christus julle ook aanvaar het! " - Romeine 15: 5-7:
Rom 15: 5 – 7 (1983 vertaling) En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê. Dan kan julle almal eensgesind uit een mond lof toebring aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus. ***Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God****.*

Die 1933/53 vertaling stel dit so: ***Neem daarom mekaar aan, soos Christus ons ook aangeneem het, tot heerlikheid van God****.*

Die "New International Version" lees so: Rom 15:7. **Accept one another, then, just as Christ accepted you, in order to bring praise to God.**

En die "English Standard Version" (ESV) van Rom 15:7 sê:
7 **Therefore welcome one another as Christ has welcomed you, for the glory of God**.

Die parafrase van "The Message" (MSG) van Rom 15:7, gee hierdie waarheid nuut en vars aan ons deur met dié woorde:
7 **So reach out and welcome one another to God's glory. Jesus did it; now you do it!**

Inleiding:
As jy dink aan 'n gasvrye verwelkoming, watter soort beelde wek dit by jou op? Is dit meer as 'n deurmatjie wat "welkom" sê of 'n stad of provinsie wat 'n verwelkomingsbord op sy grense geplaas het?
Wanneer ek aan 'n verwelkoming dink, onthou ek soldate wat na 'n lang "toer in die bos" deur ouers, geliefdes en goeie vriende met baie hartlikheid, opgewondenheid en liefde, innig en opreg terug by die huis ontvang is.
Of ek dink aan my ouboet wat in my skoolgaanjare vir 'n naweek van die kollege af huis toe kom en aan my ma, 'n vrou van min woorde, wat sy geliefkoosde ontbyt op die tafel gereed het, nadat ek en pa hom baie bly en hartlik op die stasie gaan haal het.
Hierdie en ander ervaringe wat ons almal kan onthou, wek die beeld op van opregte verwelkoming, warm liefdevolle aanvaarding en aanneming van mekaar as 'n hegte familiekring wat weet dat ons mekaar nodig het!

BETEKENIS VAN DIE VERWELKOMENDE AANVAARDING WAARVAN ROMEINE 15: 5-7 PRAAT.
Om iemand op die regte manier in jou huis te verwelkom, was 'n belangrike deel van die kultuur in die tyd van die Nuwe testament. Dit verklaar dalk waarom daar elf Griekse woorde in die NT is wat ook as "verwelkom", "om gasvryheid te betoon" en iemand liefdevol by jou kring "in te sluit" vertaal kan word. In Griekse geskrifte buite die Bybel, het hierdie spesifieke woord vir verwelkoming wat ons in ons teks vind, onder andere die betekenis om "'n lid gemaak te word van 'n organisasie" of om "deur middel van inisiasie as deel van 'n groep aanvaar te word".

Een van hierdie elf Bybelse Griekse woorde vind ons 2 maal in ons teks van vandag, in vers 7: **Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God.**" of **"Neem daarom mekaar aan, soos Christus ons ook aangeneem het, tot heerlikheid van God"; "Accept one another"; "welcome one another"; "reach out and welcome one another".**

Die eerste gebruik van dié besondere werkwoord in die sin is 'n imperatief, wat beteken dat dit as 'n direkte bevel na ons toe kom, en dan ook nog in 'n voortgaande teenswoordige tyd: "Hou aan om mekaar voortdurend in julle kring welkom te laat voel!" is dalk 'n goeie parafrase van hierdie deel van die teks. Die tweede keer wanneer Paulus dit gebruik, plaas hy dit in 'n verlede tyd vorm wat ook nog impliseer dat die verwelkoming finaal, eens en vir altyd, afgehandel is. "Soos Christus julle reeds volledig, eens en vir altyd, in sy kring hartlik verwelkom het!" kan 'n duideliker weergawe wees van dié vorm waarin die woord gebruik word.

Ons mag en kan dus ons teks ook so sê, om die oorspronklike betekenis na vore te bring:
"Hou aan om mekaar voortdurend in julle kring welkom te laat voel, soos Christus julle alreeds volledig, eens en vir altyd, in sy kring hartlik verwelkom het!"

HOE HET CHRISTUS ONS AANVAAR, AANGENEEM EN EENS EN VIR ALTYD IN SY DISSIPELKRING VERWELKOM?
Die wyse waarop Paulus na hierdie verwelkoming en aanvaarding verwys, maak dit duidelik dat hy na 'n definitiewe historiese en voltooide handeling verwys.
Eerstens het Christus ons by sy gemeenskap met die Vader ingesluit, toe Hy aan die kruis die sondegordyn van skeiding tussen ons en God weggeneem het. Om sy aanvaarding van ons en om ons tuis te kon maak in die Goddelike kring, is Hy ***vir ons sonde gemaak***, sodat ons kinders van God gemaak kon word. *(Sien ook 2 Kor 5: 21.)*
Tweedens verwelkom Hy ons deur, op grond van sy soenverdienste aan die kruis, ons sondes te vergewe, nooit weer daaraan te dink nie en ons voor die Vader te bring as onbevlek, onbesproke en waardige genote van die liefdesgemeenskap met die Vader, Seun en Heilige Gees.

Hy skenk deur die Gees aan ons die geloof waardeur ons dié wonderlike, heerlike, blye boodskap ons eie maak, en dankbaar daaruit kan lewe! Die aanvaarding wat eens en vir altyd, eenmalig aan die kruis gebeur het en deur die opstanding heen, onvervreembaar vir altyd aan ons gegee is, word ons deel, omdat Hy ons met hartlike verwelkoming aangeneem het as sy kind, sy vriend en sy ewige metgesel!

Wat kan ons nog alles van hierdie Goddelike verwelkoming sê?
- Eerstens moet ons erken dat dit enkel en alleen genade is! Ons het dit nie verdien of gesoek nie, maar die aanbod slegs deur geloof ontvang en aanvaar.
- Tweedens sluit dit ons hele menswees in! Jesus verwelkom nie net ons "siele" of dan ons geestelike bestaan, kerklewe en aanbidding in sy koninkryk nie, maar vir my, ja, vir ons! Dis nie my "siel" wat uit die koue eensaamheid van Godverlatenheid by die warme hartlikheid van God se gemeenskap aanvaar word nie – maar dit is ek, met alles wat ek is en wie ek ookal mag wees, ja, as die mens wat Hy my gemaak het.
- Ons kan derdens oor hierdie verwelkoming sê dat dit baie duur was! Die Here Jesus is veel meer as 'n vriendelike, hartlike gasheer! Hy betaal die rekening vir ons sonde, waarsonder dit onmoontlik sou wees om met die heilige God gemeenskap te hê en by sy kring, vir ewig ingesluit te wees. Dit kos Jesus die prys aan die kruis, om ons in te sluit en te aanvaar in sy Familiekring: Vader, Seun en Gees.
- Tog kan ons ook vierdens oor hierdie heerlike verwelkoming sê, dat Hy dit gratis aan ons gee. Dis baie duur en oneindig kosbaar. Dis is gekoop met die bloed van die Lam van God, en nogtans, kan ons dit ontvang, sonder om enige iets daarvoor hoef te betaal.
- Ons kan ook vyfdens verklaar, dat die verwelkoming in sy kring en gemeenskap, permanent is. Niemand sal ons uit sy hand ruk nie! Hy sluit ons by die volmaakte gemeenskap wat die heilige Drie-enigheid van alle ewigheid met mekaar het in, sodat ons vir ewig by Hom kan bly.
- Ons kan in die sesde plek, saam met die teks verklaar, dat dié gemeenskap, verwelkoming en aanneming in die familiekring van die ewige God "tot die eer van God" is. Die heerlikheid, die wonderlikheid van die Here God, wat sondaars deur 'n kruisdood deel maak van sy intieme kring, proklameer die grootsheid van God se liefde, genade, ontferming, goedheid en ewige trou!

HOE MAAK ONS NOU HIERDIE WONDERLIKE INSLUITING EN HARTLIKHEID VAN DIE HERE TEENOOR ONS, PRAKTIES DEEL VAN ONS LEWENSBESTAAN?
As dit by hemelse dinge kom, is dit soms makliker om 'n aardse analogie te gebruik om die impak op ons daaglikse lewe te begryp. Die verwelkoming van Christus aan ons is veel meer as 'n vriendelike handdruk, of selfs 'n omhelsing!
Dit kan eerder vergelyk word met 'n dag toe jy so volledig ingesluit is by 'n vriendekring, 'n familiekring, 'n Bybelstudiegroep of iets soortgelyks – dat daar nie 'n enkele oomblik enige twyfel

bestaan het, dat jy permanent aanvaar is, deel van daardie mense se bestaan geword het, en hartlik en opreg, netsoos jy is, deur hulle aangeneem is om nou ook een van hierdie besondere groep mense te wees nie. Jy was tuis; by hulle was jy nie eensaam nie; jy was jouself; jy kon jou hartseer en jou opgewondenheid met hulle deel, sonder vrees vir verwerping, verkleinering of om afgeskryf te word omdat jy dalk tog "anders" as die res van die groep is.

> *Ek bid elke dag dat elkeen wat vir die lewensreddende krag van die Goeie Nuus oor Christus by ons gemeente kom aanklop, so aanvaar en verwelkom sal word. As dit nie jou ervaring was toe jy na ons toe gekom het nie, vra ek dat jy ons sal vergewe. Want Jesus Christus, wat jou liefhet, wil hê dat ons met sulke liefde en sulke hartlikheid vir jou een van ons moet maak.*

Maar probeer jou tog een oomblik in so 'n aanvaarding en verwelkoming indink! So asof jy tuis en veilig voel, selfs al is jy nie by jou eie huis nie! So verwelkom Jesus jou in sy hemelse Goddelike kring, aan huis van sy Vader en Hy wil dit vir jou verstaanbaar maak, deur die werk van die Heilige Gees in jou hart en in jou lewe.

Paulus se opdrag aan God se kinders en Christus se gemeente, is duidelik: Verwelkom mekaar voortdurend met die dieselfde gasvryheid, waarmee Christus julle in sy kring verwelkom het"
Jesus se permanente, genadige en warme aanvaarding van my, word die standaard waarmee ek as gelowige, as lidmaat van Jesus se gemeente en as kind in die Vaderhuis, vir ander die liefdesverwelkoming voelbaar en 'n werklikheid moet maak; vir elke ander medegelowige of soeker na die veilige insluiting by die Here se mense en by die Here se gemeente. Dis hoe ons mense by ons Bybelstudiegroep, ons Alfa-uitreik of ons liefdesuitreik, dit eenvoudig net moet laat ervaar.
Mense kom na die kerk toe, omdat hulle 'n geestelike behoefte erken, maar hulle bly deel van die kerk, omdat warm, hartlike vriendskap hulle met onverbreekbare bande aan ons, en aan ons Here, bind.

Toepassing:
Maar die standaard wat die Here Jesus aan ons stel, is baie hoog.
Luister weer.
Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God.
Of:
Neem daarom mekaar aan, soos Christus ons ook aangeneem het, tot heerlikheid van God.
Of:
Hou aan om mekaar voortdurend in julle kring welkom te laat voel, soos Christus julle reeds volledig, eens en vir altyd, in sy kring hartlik verwelkom het!

Dit beteken onder andere die volgende:
- Ons moet genade hê vir mense se foute en tekortkominge. Soekers is ver van volmaak af. Net so ver daarvan as wat ek en jy volmaak is.
- Ons belangstelling sal gaan oor die mens as geheel. Ons verwelkom nie "siele" onder ons nie, maar mense met 'n geskiedenis, gesinne, kinders, ervarings, met gevoelens, met hartseer en met drome, en met 'n behoefte om dit alles met ons te deel.
- Ons moet aanvaar dat dit ons gaan kos! Dié aanvaarding in Christus se Naam gaan van ons tyd, geduld, liefde, opoffering en toewyding vra. Dit mag selfs aan ons beursie raak. Ons moet die koste bereken voordat ons deel word van die verwelkomingsparty van Jesus, sodat ons nie halfpad omdraai, omdat die prys te groot geword het nie!
- Ons moet dit onvoorwaardelik aanbied. Daar is nie eise nie en ons verwag niks terug as vergoeding nie! Dit wat duur en kosbaar met die bloed van die Lam moontlik geword het, moet ons deel met almal wat daarom vra, sonder om erkenning, vergoeding of voordeel daaruit te verwag.

- Ons moet ons medegelowiges op ‘n permanente basis aanvaar! Vriendelikheid en hartlikheid, liefde en vertroue vandag by die kerk of selgroep – en ‘n neus in die lug môre op straat, vernietig die verstaan van die vaste, eenmalige en onvervreembare aanvaarding en verwelkoming van iemand in die Naam van Jesus heeltemal. As ek jou by die kerk liefhet, sal ek jou oral en altyd liefhê, is die boodskap van die Skrif ook vir ons vandag.
- Ons moet dit alles doen met die motief om God te eer. Ons doen dit omdat ons die Here liefhet. Ons doen dit omdat Hy ons alreeds so by sy hemelse Familiekring, ingesluit het! Ons doen dit omdat ons Jesus lief het en Hy begeer om so aan sy Vader eer sal bewys!

My vriend, Christus roep jou en Hy roep my, op die naam, en persoonlik, sodat daar geen twyfel ooit mag bestaan oor die hartlike liefde waarmee hy my en jou verwelkom, aanvaar en aanneem in die intiemste kring van God se gemeenskap met mense nie. Hy weet alles van jou af: jou naam, jou omstandighede, jou sonde, jou vrees en jou drome. Met hierdie gasvryheid, en alles wat daarmee saamgaan, omhels Hy jou opreg, want jy was reeds in sy gedagtes toe Hy ook vir jou sonde aan die kruis betaal het.

En Hy roep jou om met jou liefdevolle verwelkoming en aanvaarding, ook elke ander soeker wat die Gees oor jou pad stuur, so te help verstaan van sy liefdevolle aanvaarding deur die Here, deur soos Christus mense aanvaar en aanneem, hulle ook te aanvaar en aan te neem, soos Hy dit doen!
Sal jy sy Woord vanoggend glo, aanvaar en die Here God bid om jou te help om dit ook te doen?
Ontvang dié Woord, want dit kom na jou toe in die Naam van die enigste God, Vader, Seun en Heilige Gees. Amen.

Enige terugvoer oor hierdie boodskap kan u gerus aan Ds Andries Combrink rig, by info@cpk.co.za.